Nuusbrief vir 21 Februarie 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Skoolfonds

21 Februarie 2019

Die skoolfonds van R16 300 per jaar of R1 630 per maand is vanaf Februarie tot aan die einde van November betaalbaar. Daar is nog 'n hele aantal ouers wat nog nie begin betaal het nie. Dan raak die las om die skoolfonds voor einde November 2019 te betaal, net groter op u sak.
U het ook die afgelope week die 2019-kontrolevorm van die skool ontvang. Daar moet vir ELKE leerder 'n vorm voltooi word. Dit is 'n verpligte WKOD-vorm. Indien u reeds die jaar se skoolfonds vooruit betaal het, kan u die eerste blad ignoreer en net bladsy 2 volledig voltooi. Die ander ouers moet asseblief elke vraag sorgvuldig deurlees en parafeer of merk. Die vorm is nie u kans om vir korting aansoek te doen, of om spesiale betaalreëlings te tref nie. Daarvoor moet u self die finanskantoor by die skool kom besoek.

Skoolfonds (vervolg)

21 Februarie 2019

U moet asseblief daarop let dat skoolfonds SLEGS op drie maniere betaalbaar is:
- R15 400 voor 28 Februarie 2019; OF
- R1 630 oor tien maande betaalbaar vanaf Februarie 2019; OF
- R4 075 per kwartaal wat binne die eerste twee weke van elke kwartaal betaalbaar is.

Gebruik u kind se leerdernommer, van, voorletters, en as daar nog plek is, die graad en seksie as verwysing, bv 20010 Pampoen G 8C.
Baie dankie vir u samewerking!

Koshuislosiesgeld

21 Februarie 2019

Die koshuislosies vir die jaar beloop R27 700. Indien u verkies om dit maandeliks te betaal is dit R2 770 per maand betaalbaar oor 10 maande van die jaar van Februarie tot November. Die laaste betaling vir koshuisgeld moet teen 30 November 2019 wees. Kwartaalliks beloop dit R6 925 vir elkeen van die vier kwartale van die jaar. Ons beleid stel dit duidelik dat koshuisgeld vooruitbetaalbaar is en daar is steeds ouers wat nog geen betaling vir 2019 gemaak het nie. Let asseblief daarop dat indien koshuisgeld nie betaal word nie, ons u mag versoek om ander akkommodasie vir u kind te bekom. Vir enige navrae in verband met koshuisgeld kan u mev De Klerk by die skool skakel.

Nuwe inskrywings 2020

21 Februarie 2019

Die nuwe inskrywings / aansoeke vir 2020 het geopen. Persone wat belangstel om leerders by ons skool in te skryf vir 2020 moet die papieraansoek (harde kopie) wat by die skool se ontvangs beskikbaar is, volledig invul, al die dokumente aanheg soos dit op die vorm aangevra word, en weer by die skool inhandig. U kan dit ook van ons webtuiste af uitdruk (www.swartlandhs.co.za).
Die WKOD riglyne is egter dat daar 'n aanlynaansoek OOK gedoen moet word. Die skakel / "link" is: https://admissions.westerncape.gov.za/qaadmissions/login
Die eerste sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Maart 2019. Daarna sal slegs beskikbare plekke, indien enige, gevul word.
Ons herinner u ook aan ons opedag op 28 Februarie. Die program sal om 17:00 by die FS-sportsentrum begin.

Vakveranderinge 2019

21 Februarie 2019

Graad 12 kan nie meer vakke verander nie - dit is reeds gefinaliseer.
Graad 11 het geleentheid tot 8 Maart, daarna geen veranderinge tot 2 Desember nie.
Graad 10 het geleentheid tot 4 Junie, daarna geen veranderinge tot 2 Desember nie.
Wanneer 'n leerder vakke wil verander, moet die volgende dokumentasie aan juf Greeff verskaf word:
- Afskrif van die leerder se ID of geboortesertifikaat; 'n brief van die ouer aan die skoolhoof gerig waarin versoek word dat die vak verander, sowel as 'n goeie rede waarom die verandering voordeel vir die kind sal inhou;
- Die WKOD aansoekvorm wat in die SGOS kantoor voltooi kan word.

Baie dankie vir u begrip.

Gholfprestasie

21 Februarie 2019

Tian van Lill het op 17 Februarie aan die Boland Junior Ope byeenkoms in Porterville deelgeneem. Hy het 3e in die O/19 afdeling geëindig met 'n puntetotaal van 75. Baie geluk, Tian!

Swem prestasies

21 Februarie 2019

Twee van ons leerders het op 17 Februarie aan die 'Open water swimming' byeenkoms, die Sanlam Cape Mile te Eikenhofdam in Grabouw deelgeneem en as volg presteer:
Schalk Burger: 34e uit 247 deelnemers, 9e in kategorie 5-13 jaar, tyd: 27 min 6 sek.
Jessica Vorster: 22e uit 170 deelnemers, 21e in kategorie 14-50 jaar, tyd: 26 min 37 sek.
Baie geluk aan hierdie leerders met die besondere prestasies!

Hokkie-afrigters

21 Februarie 2019

Ons skool benodig nog hokkie-afrigters. Indien u geroepe voel om ons hiermee te help, sal ons dit waardeer indien u ons skool se kantoor sal kontak. U kan ook die boodskap oordra aan iemand wat u dink dalk 'n geskikte kandidaat hiervoor sal wees.

Toneeluitstappies

21 Februarie 2019

Daar is 'n geleentheid op 13 Februarie by die Baxter en 8 Maart in Stellenbosch om toneelstukke te gaan kyk.
13 Februarie is 'Kretoa' teen R50 'n kaartjie. Op 8 Maart is 'Ou Blou' waarin ons eie mede-leerder, Graeme Watson, speel teen R70 per kaartjie.
Hierdie geleenthede is slegs vir Hoërskool Swartland leerders en die kaartjies is by ons skool se finanskantoor beskikbaar. Daar is 'n beperkte aantal kaartjies.
Vir meer besonderhede, kontak mev M Horn.

Universiteit Stellenbosch algemene opedag

21 Februarie 2019

Universiteit Stellenbosch se algemene opedag is op Saterdag 23 Februarie vanaf 08:30 tot 16:00. Ons moedig ons graad 11-leerders veral aan om dit by te woon. Ander is ook natuurlik welkom.

Nog instansies se opedae

21 Februarie 2019

CPUT: 11 Mei
AFDA: 18 Mei
Bellville Hotel school: 9 Maart

Pathcare geleentheid

21 Februarie 2019

Pathcare, Neels Bothma straat, Goodwood, bied Laboratorium toere en "Job shadowing" aan vir leerders in graad 10 - 12 wat geïnteresseerd is in 'n mediese laboratorium beroep, soos byvoorbeeld mediese tegnologie, patologie, ontleding ens. Dit word op die volgende datums aangebied: 22 Februarie, 26 April, 26 Julie, 27 September en 29 November. Vir meer inligting oor die plek en tye, kan u 'n e-pos rig aan: clients@pathcare.co.za

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

21 Februarie 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder. Indien die volle bedrag vir die jaar voor of op 28 Februarie 2019 betaal word, sal dit R15 400 beloop (R900 afslag).
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

21 Februarie 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

21 Februarie 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 21 Februarie 2019 - 28 Februarie 2019

21st Februarie 2019
Vaste Bates vergader 18:00

21st Februarie 2019
Formele toetse

21st Februarie 2019
Krieket O/15B tuis
vs Curro

22nd Februarie 2019
Detensie
14:00-16:00

22nd Februarie 2019
Formele toetse

23rd Februarie 2019
Atletiek Bolandkampioenskappe
Dal Josafat

23rd Februarie 2019
Toutrek te Robertson

23rd Februarie 2019
Krieket streekwedstryde

23rd Februarie 2019
Hopefield rugbydag

25th Februarie 2019
Rugby vs Paul Roos (tuis)

25th Februarie 2019
Gholf vs Piketberg (tuis)

25th Februarie 2019
Formele toetse

26th Februarie 2019
Swem Hexagonal Gala (weg)
Worcester Gim

26th Februarie 2019
Formele toetse

27th Februarie 2019
Tennis 2e S en D vs Vredenburg (tuis)

27th Februarie 2019
Dissiplinêre komitee vergader
18:00

28th Februarie 2019
Swem Aflosgala te HJS

28th Februarie 2019
Opedag

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Februarie 15 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5c6676ea0399d697205855.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.